Verklaring voortsetting /4/200

A..

495

Ek Elaine du Toit verklaar onder eed in Afrikaans

na Wilna Stander en 'n sa geval en die aanstelling Dr Grobler het haar mediese ondersoek by Tersia Kliniek en ek het haar na Dr Grobler geneem vir die mediese ondersoek. Volgens die inskrywing het die voorvalle plaasgevind in Wolfaardt str 1328, Waverley te Pretoria.

(c)

Ek het 'n Vorm 1 uitgereik en vir Megan en haar broer verwyder uit die sorg van

Wolfaard Straat, Daspoort te Pretoria."

--- Die polisie het daardie tyd vir my gesê... waar dit plaasgevind het toe sê ek, ek weet nie. Toe sê hulle waar bly die pa toe sê ek dit is waar die pa bly toe het hy daardie adres ingeskryf.

So dit is nie wat u gesê het nie? --- Hy het dit ingeskryf want hy het gesê hy het 'n adres nodig.

wat sy vir u gesê het en u se volgens die assessering het dit in Wolfaard Straat gebeur. Hoekom knoop u dit aan, volgens die assessering? --- Ek kan nie sê waar dit gebeur het nie. Ek het gesê dit het gebeur volgens die assessering want die assessering het... volgens die assessering het die pa die kind misbruik, dit wat uitgekom het.

Dit is nie my vraag nie. Ek wil weet, hoekom koppel u dit aan assessering, hoekom sê jy nie net die kinders het by daardie adres gewoon nie, hoekom koppel u dit aan assessering? --- Ek weet nie dit was dan [tussenbei]

U weet nie? --- Ek kan dit nie antwoord nie. Ek het dit geantwoord. Andre Smit het gesê ek moet 'n adres gee en ek het dit gegee.

Goed u sê vir hom dit is die adres. Wat wil hy met die adres maak? --- Ek weet nie, ek het net geantwoord wat hy my gevra het.

Want u sien, u verklaring is op 30/04/2009 afgelê, is dit korrek? --- Ja.

Hoekom toe eer? --- Dit is eers toe hulle na my toe gekom het. Voor die tyd was... Andre Smit het gesê hulle is besig met 'n verkiesing hulle kan nie kom nie en hulle het eers daardie tyd na my kantoor toe gekom.

So, sê u vir ons dat daardie stukkie volgens die assessering het die insidente plaasgevind in Wolfaard Straat, se u hy het dit ingevoeg u het dit nie gesê nie? --- Hy het dit daar vir my gesê hy moet 'n adres hê. Dit is neergeskryf, ek het dit geteken.

Hoekom teken u as dit nie die waarheid is nie, as u dit nie vir hom

1172

gesê het nie hoekom teken u dit? --- Soos ek verduidelik het, dit wat hy my gevra het en ek het gedog dit is reg.

Hy verduidelik u oor 'n adres, hy verduidelik u nie oor die